BLITSNUUS – 8 Mei 2020

LIEWE STELLASTRATERS,

NIE ALLE HERO'S DRA UNIFORMS NIE

Die advertensiebedryf is nog altyd bekend vir vindingrykheid. Selfs in hierdie grendeltyd verbaas 'n mens jou aan die nuwe advertensies wat jou help om hierdie tyd van inperking as 'n goeie tyd te beleef. Die opskrif aan die begin van 'n advertensie het my baie laat dink. Dit lui "***nie alle hero's dra uniforms nie***". Die advertensie wys dan hoedat skoonmakers, pakkers, plaaswerkers en boere, eienaars van koswinkels ens. nogsteeds in hierdie tyd uiters goeie werk doen. Jy het nie 'n uniform nodig om 'n verskil te maak nie.

Sondag 10 Mei is Moedersdag en beslis geld hierdie uitdrukking vir ons Ma's. Hulle wat sonder uniforms help met die tuis-onderrig, huis-skoonmaak en selfs nog aanlyn besigheid doen. Daar is ook die Ma's wat nou alleen in 'n aftree-oord sit en wat geen besoekers ontvang nie. Ook hulle is ons hero's vir die jare se liefde en omgee wat hulle sonder uniforms gegee het. Ons wens al ons gesinne 'n wonderlike Moedersdag toe!

Onthou asseblief jy kan enige tyd enige een van ons leraars kontak.

Liefde Fay, James, Anton en 10ni.

OORDENKINGS SONDAG 10 MEI

Baie dankie vir die verskillende benaminge wat julle ingestuur het soos "Tuis-diens"; "Familie-kuier" ens. Op die oomblik hou ons maar nog by "***Weeklikse oordenkings".*** Hierdie week is dit Fay se beurt. As leraars wil ons julle maar net weer herinner dat om voor 'n kamera op te tree, is nie vir ons maklik of gemaklik nie. So verskoon asseblief ons onbeholpenheid maar weet dat die passie om oor die Woord na te dink, is nogsteeds daar.

Elke week is daar ook 'n kort Kleuterkerk-oordenking wat deur Fay en Marina beplan en opgeneem word. Hierdie opname sluit ook by die Weeklikse oordenking se tema aan. Ons gee ook vir gesinne die geleentheid om bietjie oor die oordenking te gesels en daarom gee

ons ook 'n ***Huisgeloofvraag***. Die hele idee is dat julle as huismense (wie ook al saam met jou na die oordenking kyk) oor die oordenking nadink en gesels. Julle is ook welkom om die leraars te kontak (ons kan doen met wenke!!). Ons plaas ook 'n video vir jongmense wat oor geloofsvrae gaan.

Die Adoramus is hierdie week deur Anton opgestel en word so geskryf dat jy dit rustig by die huis in jou eie stiltetyd kan lees en oordink. Hier is die skakels:

- **Weeklikse oordenking** (Fay) https://youtu.be/7ilQBB7wIDg
    - Die tema is "Verbeel jou" en die teks kom uit Matteus 5:3-12.
- **Huisgeloofgesprek** wat saam met die oggenddiens tema gaan:
    - Kry vir elkeen 'n papier en pen/inkleurpotlode.
        - Wat maak jou bang as jy oor die toekoms dink?
        - Dink vir 'n oomblik krities aan die wêreld waarin ons nou leef. Watter goed in die wêreld is nie reg nie. Teken een van hulle op jou papier. Vertel vir mekaar wat jy geteken het en waarom.
        - Kinders van die Here is deel van die profetiese tradisie, waaroor ons vandag in die oordenking gepraat het, en daarom moet ons soos die profete verbeeldingryk na ons wêreld kyk. Ons moet soos die profete droomdraers wees. Kyk nou na die prentjie wat jy geteken het en vra die vraag 'Wat as?' Hoe kan hierdie prentjie anders lyk? Hoe kan hierdie prentjie meer in lyn wees met God se droom vir die wêreld? Wat moet verander? Teken nou 'n nuwe prentjie. Deel dit met mekaar.
        - Gesels oor hoe julle as huishouding die nuwe prentjies kan waar maak.
- **Kleuterkerk** (Marina en Fay) https://youtu.be/cSm0SOm3mso
- **Adoramus** (Anton) http://stellastraat.co.za/wp-content/uploads/Adoramus-10-Mei.pdf
    - Die teks is Psalm 31 en die tema is "My tye is in u hand".
- **Video vir jongmense**: https://youtu.be/_HSzGNwslFQ

JONGMENSE DINK EN GESELS SAAM

Sedert verlede Sondag het die groepleiers met die jongmense van die jeuggroepe kontak gemaak. Ons droom is om ook in die grendeltyd nog vir jongmense die geleentheid te gee om met hulle huismense maar ook met hulle geloofsfamilie (portuurgroep) oor geloof en God se reis saam met ons, na te dink en te reflekteer.

Die juniors is per Whatsapp gekontak en die seniorgroepe het 'n Zoom-kuier gereël. Ons besef hierdie is vir ons almal maar 'n vreemde ervaring maar moedig asseblief die jongmense in julle huis aan om op die kontak van die groepleiers te reageer.

Hierdie Sondag (10 Mei Moedersdag) begin die **juniors** nadink oor Daniël se inperking. Die groepleiers sal vir die kinders 'n skakel stuur om weer na die Daniël-verhaal te kyk. Die **seniors** gaan 'n vasvra hou oor "Nie alle hero's dra uniforms nie". Onthou daar is 'n video oor geloofsvrae (sien skakel hierbo).

Kontak enige een van ons leraars as jy wil help of 'n voorstel het.

STELLASTRAAT MAAK 'N VERSKIL

Danksy Stellastraat se oop hande en harte kon die Uitreikbediening in die laaste twee weke op verskeie plekke 'n verskil maak. Ons het nog 'n honderd maskers asook produkte soos toiletpapier, rys, suiker ens by Harmonie Oord afgelaai. Daar is ook 'n besending maskers aan die lidmate van die Faith Community geskenk. Stellastraat se uitreiktrokkie (Fay se motor) het ook 'n vrag vroue- en babaklere, formule melk en doeke by Sediba House in Bosmanstraat afgelaai. Sediba House huisves tydens die grendeltydperk 18 vroue en 7 kinders.

Anton het ook 'n klomp bevrore etes en kos by tien hulpbehoewende gesinne in Mamelodi-Oos gemeente besorg. Baie dankie vir die skenking van bevrore kos, graanvlokkies, rys, koeldranke, kruideniersware ens. Dankie aan almal wat ons uitreikprojekte op verskeie wyses in hierdie tyd ondersteun. Loer gerus na die gemeente se Instagram of Facebookblad vir meer inligting en fotos.

As jy in hierdie tyd van inperking by enige van Stellastraat se **Uitreikprojekte** wil betrokke raak, kontak gerus vir Fay (083-478-0854). Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak, merk asseblief jou inbetaling as ***"Uitreik Covid 19".***

Ons wil graag help – as daar enige iemand is wat hulp nodig het, moet asseblief nie huiwer om enige van die leraars te kontak nie. As jy van iemand weet wat swaarkry, laat weet ons asseblief sodat ons kan planne maak hoe om te help.

ONS DINK AAN

- Leon Herbst van Mainstraat 237 wat tuis versorg word en baie siek is.
- At Dryer van Firwoodlaan 31 wat Maandag in die urologiese hospitaal geopereer word.
- Johan Prins van Aurigastraat 283 wie se jonger broer oorlede is, die Gedenkdiens is Saterdag in Stellenbosch.

KERKBODE KAN NOU DIGITAAL GELEES WORD

Die Kerkbode -app is vir Apple- en Android-fone beskikbaar. Laai die app gratis af by die relevante skakels hieronder:

- https://play.google.com/store/apps/details?id=za.co.christians.kerkbode
- https://apps.apple.com/za/app/kerkbode/id1152476543

Jy kan ook nou die Kerkbode soos 'n e-koerant lees. Hy lyk soos 'n koerant en hy blaai soos 'n koerant, maar jy kan nie jou braairooster met hom skoonmaak nie. Dit is die sogenaamde e-koerant of pdf-koerant. By die webskakel hieronder lê die twee mees onlangse uitgawes. Die nuwe uitgawes sal ook daar verskyn, so hou gerus daardie skakel iewers byderhand:

- https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

VERJAARSDAE (10-16 Mei)

- **Sondag 10 Mei**: Jan-Hendrik Hanekom, Vianca Hattingh, Stephan Klopper, Robert Lewis, Danelle Niemandt, Rueben Rall, Hendrik van Rheede van Oudtshoorn, Angelique van Staden.
- **Maandag 11 Mei:** Nico Basson, Dirk Fourie, Andria le Roux, Ilne Lubbe, Louis Taljaard, Rickard van Rhyn.

- **Dinsdag 12 Mei**: Andreas Basson, Dirk Coetzee, Kobus Potgieter, Elrie Potgieter, Bronson Schoeman, Stefan Vermaak, Martin Zühlsdorff.
- **Woensdag 13 Mei**: Jacobus Joubert, Robert Loubser, Gunther Matzner, Alana Olivier, Andre Schalkwyk, Jané Verhage.
- **Donderdag 14 Mei:** Bert Bloem, Joshua du Toit, Robert Fischer, Willie Francis, Sarel Meiring, Arno Odendaal, Jacques Olivier, Kinah Oosthuizen, Lorraine Oosthuizen, Theo Pistorius, Engela Swart, Anja van den Heever, Elna Verster.
- **Vrydag 15 Mei:** Piet Botha, Rene Burger, Anton Crouse, Eon Gerber, Gerhard Geyer, Pet Maas, Jan Marais, Ronelle Markgraaff, Mieke Snyman, Sémeï Strijdom, Nico Swart, Lehandré van der Merwe, Minke van Heerden.
- **Saterdag 16 Mei**: Viaan Janse van Rensburg, Reine Opperman, Lizelle Prinsloo, Alet Terblanche.

STELLASTRAAT SE WEBBLAD

Onthou jy kan enige tyd inligting oor die gemeente en die skakels na die Weeklikse Oordenkings op ons webblad kry. Gaan gerus na www.stellastraat.co.za

STELLASTRAAT SE BANKBESONDERHEDE

- **NG Gemeente Suidoos-Pretoria**
- ABSA (Takkode 632 005)
- Rek: 540 580 022

STELLASTRAATGROETE